GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EKURHULENI NOORD

DISTRIK

14 NOVEMBER 2017

Graad 8 Eksamen

Vak	:	Sosiale Studies
Leerdissipline	:	Geografie
Datum	:	14 November 2017
Doel	:	Toets kennis en interpretasie vermoë
Vaardighede	:	Om die informasie van die teks te verbind met visuele materiaal(sketse, spotprente,televisie en films),liedere,gedigte en onderhoude met mense ,deur gebruik te maak van meer as een soort geskrewe inligtingsbron (boeke,tydskrifte,koerante,webwerwe).
Punte toekenning	:	75
Tyd	:	1 ½ Uur

INSTRUKSIES:

1. Skryf jou naam en van
2. Beantwoord al die vrae
3. Skryf netjies en leesbaar
4. Nommer korrek
5. Leerders moet nie bronne presies aanhaal nie
6. Die vraestel bestaan uit twee vrae en 10 bladsye

Naam en Van: _____ **Klas**: _____

VRAAG 1: **(NEDERSETTINGS)**

1.1. Noem DRIE verskille tussen primêre aktiwiteite en sekondêre aktiwiteite.

(3x2)(6)

Primêre aktiwiteite	**Sekondêre aktiwiteite**
1.1.1.	1.1.1
1.1.2.	1.1.2
1.1.3.	1.1.3

1.2 Pas KOLOM A by KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter langs die ooreenstemmende nommer, in KOLOM C, neer, bv

1.2.7	G

(6x1)(6)

Kolom A	**Kolom B**	**Nommer**	**Kolom C**
1.2.1 Skuins lugfoto	A. Johannesburg	1.2.1	
1.2.2 Grondgebruiksone	B. Plek waar mense woon	1.2.2	
1.2.3 Residensiële gebied	C. Met `n hoek geneem	1.2.3	
1.2.4 Ontdekking van goud	D. Suid Afrika se grond verdeel in swart en wit gebiede	1.2.4	
1.25 1913 Naturelle Grondwet	E. Grond gebruik vir `n spesifieke doel	1.2.5	
1.2.6 Nedersetting	F. Geboue en funksies	1.2.6	

1.3 Snelle verstedeliking lei tot sosiale probleme. Identifiseer DRIE sosiale kwessies en beskryf, in `n paragraaf, die effek wat dit op die gemeenskap kan hê. (6x1)((6)

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

1.4 Lees onderstaande brief en beantwoord die vrae wat volg:

Liewe Pen vriend

Ek leef nog al my lewe lank op `n plaas. Ons is bestaansboere. Dit beteken dat ons plasie klein is en ons plant net genoeg kos vir ons voortbestaan. Ons het dikwels nie genoeg kos nie, dan eet ons dieselfde kos vir weke aaneen. Dit gebeur dikwels met droogte of vloede. Dan moet ons die gewas eet wat ookal die ramp oorleef het.

My oupa het my vertel dat ons voorvaders groot stukke land besit het, maar toe die Britse setlaars Suid-Afrika gekoloniseer het, het hul dorpe in die areas ontwikkel waar hul minerale ontdek het. Die Britte het toe spoorlyne gebou om al die minerale na die hawens te vervoer. In die proses is baie van ons voorvaders se plase opgeëis. Die Britse setlaars het ons land ontwikkel deur dorpe en vervoerroetes te bou en deur mense te onderrig, maar nou het ons net `n klein stukkie land waarop dit moeilik is om te oorleef.

My broer het skool in graad 10 verlaat. Ons skool gaan net tot graad 10. My ouers het nie genoeg geld gehad om hom koshuis toe te stuur waar hy matriek kon maak, nie. Hy werk nou in `n fabriek in Johannesburg en hy skryf dikwels aan ons oor die stadslewe. Hy sê daar is soveel te doen soos om flieks of klubs of inkopiesentrums heen te gaan Dit is ook baie duur. Hy kan nie als bekostig nie want hy moet kos, vervoer en sy kamer betaal. Daar is niks geld oor vir vermaak nie. Hy het ook my ma en pa vertel dat daar baie hospitale en dokters is wat hulle sal kan help met hul mediese probleme. Ek dink ek sal ook Johannesburg toe gaan aan die einde van die jaar.Daar is niks om op die plaas te doen nie. Ek wil ook deel wees van die stadslewe. Dit klink baie interessant en my broer kry baie geld. Miskien kan ek my matriek daar klaarmaak. My ma en pa wil hê ek moet hier bly om hulle op die plaas te help. Ek weet nie wat om te doen nie. Jy is my enigste vriend wat naby die stad bly. Kan jy my dalk raad gee?

1.4.1 Noem DRIE stootfaktore wat die seun in die brief bespreek.

a) _____ (1)

b) _____ (1)

c) _____ (1)

1.4.2 David se broer woon in die stad en is gelukkig daar. Skryf DRIE trekfaktore neer wat hom stad toe gelok het.

a) _____ (1)

b) _____ (1)

c) _____ (1)

1.4.3 David woon waarskynlik in `n lae inkomste residensiële gebied. Onderskei tussen `n a) hoë inkomste residensiële gebied, b) lae inkomste residensiële gebied en `n c) informele nedersetting.

a) _____ (1)

b) _____ (1)

c) _____ (1)

1.5 Wat is `n landelike bevolking?

_____

_____ (1x2)(2)

1.6 Definieer die volgende konsepte.

1.6.1 Landelike-stedelike migrasie (1x2)(2)

_____

_____

1.6.2 SSG (1x2)(2)

_____

_____

1.6.3 Stedelike gebied (1x2)(2)

_____

_____

1.7 Bestudeer die onderstaande grafiek wat die PERSENTASIES VAN STEDELIKE BEVOLKING aantoon en beantwoord die volgende vrae



SLEUTEL:	
Urban population - Stedelike bevolking	Eastern Cape - Oos-Kaap
Years - Jare	South Africa - Suid- Afrika
Western Cape - Wes- Kaap	North West - Noordwes
Northern Cape - Noord –Kaap	Free State - Vrystaat

1.7.1 Watter persentasie van Suid-Afrika se bevolking het in `n stedelike nedersetting gewoon, in die jaar :

1960 _____ % (1x2)(2)

2001 _____ % (1x2)(2)

1.7.2 Bereken die persentasie van Suid Afrika se bevolking wat in *Landelike nedersettings* gewoon het, in die jaar:

1904 _____ % (1x2)(2)

1.7.3 Watter provinsie in Suid Afrika is die meeste verstedelik?

_____ (1x1)(1)

1.7.4 In bogenoemde provinsie kom baie nywerhede voor. Verduidelik die term *nywerheid?*

_____

_____ (1x2)(2)

1.7.5 Sal `n *Ligte nywerheid* of `n *Swaar nywerheid* in/naby `n residensiële area voorkom? Kies een. _____ (1x1) (1)

[Subtotaal 45]

VRAAG 2: **(VERVOER)**



2.1. Kies en onderstreep die korrekte antwoord:

2.1.1. Die Vraghouerskip is `n voorbeeld van _____ (1)

A. Landvervoer
B. Seevervoer
C. Lugvervoer
D. Al bogenoemde antwoorde

2.1.2. Die goedkoopste manier om goedere internasionaal te vervoer,is_____ (1)

A. Lugvervoer
B. Padvervoer
C. Spoorvervoer
D. Seevervoer

2.1.3. Goedere wat in ons land inkom, is _____ (1)

A. Uitvoere
B. Invoere
C. Immigrante
D. Emigrante

2.1.4. Bestudeer bostaande skets en kies die kolom met die vinnigste tipe vervoer? (1)

A. Landvervoer
B. Seevervoer
C. Lugvervoer
D. Publieke vervoer

2.2. Gebruik jou kennis en beantwoord die volgende vrae.

2.2.1. Wat is *handel*? (1x2)(2)

_____

_____

2.2.2. Waarom is vervoer baie belangrik vir handel? (2x1)(2)

_____

_____

2.3. In Suid Afrika het die gebruik van spoorvervoer die afgelope 20 jaar verminder.

2.3.1. Gee TWEE redes waarom padvervoer bo spoorvervoer verkies word? (2x1)(2)

(a) _____

_____

(b) _____

_____

2.4. Bestudeer onderstaande tabel en pas KOLOM 1 by KOLOM 2. Gee die antwoord deur die alfabetletter langs die nommer te skryf bv.2.3.5 – K in die antwoord kolom. (4)

	KOLOM 1		**KOLOM 2**	**ANTWOORD**	
2.4.1.	Profyt/ wins	A	Motor parkeerplekke naby openbare vervoer	2.4.1.	
2.4.2.	Parkeer-en-ry	B	Wanneer die inkomstes die uitgawes oorskrei	2.4.2.	
2.4.3	Pendelaars	C	Die oorbevolking van `n gebied	2.4.3	
2.4.4	Opeenhoping	D	Iemand wat ver werk toe ry	2.4.4	

2.5. Verwys na onderstaande bron en inligting en beantwoord die volgende vrae

A) Tipe vervoer verkies deur pendelaars in Suid Afrika in 2000

B) Tipe vervoer verkies deur pendelaars in Suid Afrika in 2020





Passasiers wat daagliks werk toe reis word pendelaars genoem. Om by die werk te kom, is deel van `n mens se lewe. Bykans 80% van Suid Afrikaners is elke dag afhanklik van publieke vervoer en bykans 60% van die pendelaars reis per minibus taxis.

2.5.1. Bestudeer sirkelgrafiek(**B)** en bepaal watter tipe pendel- vervoer moontlik die meeste sal toeneem teen 2020? Gee `n rede vir jou antwoord. (2x1)(2)

_____, _____

_____

2.5.2. Watter persentasie mense sal moontlik sonder publieke - en private vervoer wees teen 2020? (1x1)(1)

_____

2.5.3. Verduidelik waarom **pasassierstreine** die minste mense trek. (1x2)(2)

_____

_____

2.5.4. Verduidelik kortliks TWEE voordele en TWEE nadele van spoorvervoer. (1x4)(4)

Voordele van spoorvervoer	**Nadele van spoorvervoer**
2.5.4.1.	2.5.4.1.
2.5.4.2.	2.5.4.2.

2.6. Beantwoord die volgende vrae aangaande invoere en uitvoere.

2.6.1. Verduidelik die verskil tussen *invoer* en *uitvoer*. (2x1)(2)
Invoer:

_____

_____

Uitvoer:

_____

_____

2.7. Die Snelbusvervoer (BRT) -Stelsel en die Gautrain Snelspoorvervoer is moderne pogings om die vervoer van pendelaars, van en na hul werk, te verbeter. In `n paragraaf van ongeveer 6-8 reëls, evalueer die:

A) **ekonomiese voordeel**
B) **omgewingsinvloed**
C) **gesondheidsvoordeel**

van die bogenoemde twee vervoersisteme. (1x5)(5)

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

[subtotaal 30]

[Groottotaal 75 punte]